Saterdag 22 Augustus
Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11
Fokusgedeelte: Romeine 5:2-5 (AFR2020)

## Roem op jou hoop en jou verdrukking

Waarop beroem jy jou? Letterlik beteken die woord *beroem* in ons fokusgedeelte dat jy jou kop optel; jy spog omdat jou sukses seker is. Die apostel noem *twee sake* waaroor ons ons kop kan optel:

... *ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God* (Rom. 5:2). Hoop beteken in die Skrif 'n vaste sekerheid. Ons het 'n seker toekoms waarop ons gretig wag: dat God sy heerlikheid met ons sal deel!

*Ons beroem ons ook op ons verdrukking* ... (Rom. 5:3). Die gelowige is onder druk. Die druk en selfs verdrukking wat ons ervaar juis omdat ons glo, lei tot 'n kettingreaksie wat hom in jou afspeel:

- Die beproewings en swaarkry wat God toelaat, lei tot *lydsaamheid/volharding*. Jy leer uithou in jou moeilikste omstandighede. Jy leer vasbyt!
- Wie in alle omstandighede vasbyt om vas te hou aan God se genade in Christus, slaag die toets – jy en jou geloof is op die proef gestel en betroubaar bevind.
- Dit lei weer tot hoop. Jy sien met die oog van jou geloof hoe maak die pad na die toekoms vir jou oop. Jy sien gretig daarna uit dat die toekoms in al sy heerlikheid vir jou sal aanbreek.

Hierdie *kettingreaksie* loop daarop uit dat ons vaste verwagting om in God se heerlikheid te deel, groei (kyk ook na Jak. 1:2-4 en 1 Pet 1:6, 7).

Daarvoor het ons hier en nou al die eerste paaiement ontvang: die Heilige Gees wat God aan ons gegee het (Rom. 5:5). Die geloof dat God die Vader ons uitkies, deur sy Seun versoening met ons bewerk het en deur sy Gees in ons toepas, is die rede vir ons roem. Enige sekerheid wat buite God lê, is feilbaar. God self is ewig en getrou. Omdat Hy God is, het ons hoop.

*Sing: Skrifberyming 14-2 (74)/Psalm 73-1:1, 10*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Emeritus)*